

# Die Evangelie

# volgens Markus

Geloof in Aksie
Nederduitsch Hervormde Kerk
RANDBURG

## Hoofstuk 3

### Die man met die gebreklike hand

### (Matt. 12:9-14; Luk. 6:6-11)

1 Jesus het weer na die sinagoge toe gegaan. Daar was 'n man met 'n gebreklike
hand. 2 Die Fariseërs het vir Jesus dopgehou om te sien of Hy hom op die sabbatdag
sou gesond maak, sodat hulle vir Jesus daaroor kon aankla. 3 Hy sê toe vir die man
met die gebreklike hand: "Staan op hier tussen hulle!"
4 Daarna vra Hy vir hulle: "Mag 'n mens op die sabbatdag goed doen of kwaad doen,
iemand red of doodmaak?"
Hulle het egter niks gesê nie. 5 Hy het hulle rondom Hom kwaad aangekyk en was
diep bedroef oor hulle verhardheid. Hy sê toe vir die man: "Steek jou hand uit!"
Hy het sy hand uitgesteek en dit was gesond.
6 Die Fariseërs het uitgegaan en dadelik met die Herodiane 'n komplot teen Jesus
gesmee om Hom om die lewe te bring.

### 'n Groot toeloop van mense na Jesus toe

### (Matt. 4:24-25; 12:15-17; Luk. 6:17-19; 4:41)

7 Jesus het toe met sy dissipels teruggegaan na die see toe. 'n Menigte mense het
van Galilea af agter Hom aan gegaan. Ook van Judea af, 8 en uit Jerusalem en van
Idumea en van oorkant die Jordaan en van rondom Tirus en Sidon af, het daar baie
mense na Hom toe gekom toe hulle hoor wat Hy alles doen.
9 Weens die gedrang het Hy vir sy dissipels gesê om vir Hom 'n skuitjie reg te hou
sodat die mense Hom nie vertrap nie. 10 Hy het baie mense gesond gemaak, sodat
almal wat die een of ander siekte gehad het, Hom oorval het om aan Hom te raak.

11 As mense wat van onrein geeste besete was, Hom sien, het hulle voor Hom
neergeslaan en geskreeu: “U is die Seun van God!” 12 Maar Hy het hulle baie
uitdruklik belet om bekend te maak wie Hy is.

## Die aanstelling van die twaalf apostels

## (Matt. 10:1-4; Luk. 6:12-16)

13 Jesus het teen die berg opgegaan en dié wat Hy wou hê, nader geroep, en hulle
het na Hom toe gekom. 14 Hy het toe twaalf, wat Hy apostels genoem het, aangestel
om by Hom te bly sodat Hy hulle kon uitstuur om te preek. 15 Hulle het ook die mag
ontvang om bose geeste uit te drywe. 16 Hy het hierdie twaalf aangestel: Petrus,
soos Hy Simon genoem het, 17 Jakobus seun van Sebedeus, en Johannes die broer
van Jakobus – vir hulle het Hy die bynaam Boanerges gegee, dit wil sê “manne van
die donder” – 18 Andreas, Filippus, Bartolomeus, Matteus, Tomas, Jakobus seun van
Alfeus, Taddeus, Simon die Kananeër, 19 en Judas Iskariot wat vir Jesus verraai het.

## Die lastering teen die Heilige Gees

## (Matt. 12:22-32; Luk. 11:14-23; 12:10)

20 Daarna het Jesus huis toe gegaan. 'n Menigte mense het weer saamgedrom,
sodat daar selfs nie geleentheid was om 'n stukkie te eet nie. 21 Toe sy familie
hiervan hoor, het hulle gegaan om Hom te gaan haal, want hulle het gesê: “Hy het
van sy kop af geraak.”

22 Die skrifgeleerdes wat van Jerusalem af gekom het, het gesê: “Hy is van
Beëlsebul besete!” en “Dit is met die hulp van die aanvoerder van die bose geeste
dat hy bose geeste uitdrywe.”

23 Jesus het hulle nader geroep en hulle met voorbeelde geantwoord: “Hoe kan die
Satan die Satan uitdrywe? 24 As 'n koninkryk onderling verdeeld is, kan daardie
koninkryk nie bly staan nie; 25 en as 'n huisgesin onderling verdeeld is, sal daardie
huisgesin nie kan bly staan nie. 26 As die Satan teen homself in opstand kom en
verdeeld is, kan hy nie bly staan nie, maar is dit sy einde.

27 “Bowendien kan niemand in 'n sterk man se huis ingaan en sy goed vat as hy nie
vooraf die sterk man vasbind nie. Eers dan sal hy sy huis kan beroof.

28 “Dit verseker Ek julle: Alles sal die mense vergewe kan word, al die sondige
lastertaal wat hulle praat. 29 Wie egter teen die Heilige Gees laster, word tot in
ewigheid nie vergewe nie maar bly ewig skuldig aan die sonde.”
30 Dit het Hy gesê omdat hulle gesê het: “Hy is van 'n onrein gees besete.”

## Die moeder en die broers van Jesus

### (Matt. 12:46-50; Luk. 8:19-21)

31 Sy moeder en sy broers het toe gekom. Hulle het buite bly staan en 'n boodskap
na Hom toe gestuur om Hom te roep. 32 'n Menigte mense het rondom Hom gesit.
Hulle sê toe vir Hom: “Kyk, u moeder en u broers en u susters daar buite soek U.”
33 Maar Hy sê vir hulle: “Wie is my moeder en my broers?”
34 Hy het die mense aangekyk wat in 'n kring om Hom sit en gesê: “Hier is my
moeder en my broers! 35 Elkeen wat die wil van God doen, is my broer en my suster
en my moeder.”

## Kommentaar volgens Bybel in Praktyk

### 3:2

**Die Joodse leiers** was op hierdie stadium reeds klaar **teen Jesus gekant**. Hullé was jaloers op sy gewildheid, die gesag waarmee Hy boodskappe bring, en ook op die wyse waarop Hy wonderwerke kon doen. Hulle status in die gemeenskap en die persoonlike voordeel wat hulle daaruit kon trek, was vir hulle so belangrik dat hulle vergeet het van hulle taak as godsdienstige leiers van die volk en dat hulle veronderstel was om die mense oor God te onderrig. In werklikheid was hulle by uitnemendheid op grond van hulle kennis van die Skrif die mense wat die Messias moes herken het. Hulle wou egter niks van Hom weet nie, want hulle was nie bereid om afstand te doen van hulle mag en posisie nie. Die feit dat Jesus hulle verkeerde gesindheid ontmasker het, het hulle finaal teen Hom laat draai. Daarom het hulle toé al begin soek na maniere waarop hulle Hom by die mense in onguns kon bring. Daarom is die Fariseërs foutvinderig oor alles wat Jesus doen, en lê en loer na enige moontlike misstap wat Hy volgens hulle kan begaan.

### 3:4

Jesus het iemand gehelp. Die Fariseërs het dit egter nie eens raakgesien nie, maar Hom beskuldig dat Hy die wet oortree het, want volgens wet kon 'n mens slegs in gevalle waar 'n lewe op die spel was, op die sabbat mediese hulp verleen. Dit is ironies dat hulle Hom beskuldig het toe Hy iemand gesond gemaak het, terwyl hulle in die geheim besig was om planne te maak om Hom dood te maak.

### 3:5

Jesus was kwaad omdat hulle gesindheid so verkeerd was. Woede is nie op sigself verkeerd nie. Dit hang egter af waarvoor 'n mens kwaad is en hoe jy in jou woede optree. Ons is dikwels geneig om op 'n selfsugtige en nadelige manier uiting te gee aan ons woede.

In teenstelling met ons houding, het Jesus 'n probleem opgelos en die man gesond gemaak. Jesus se optrede hou lering vir ons in. Dit gaan vir Hom oor die bekendmaking van die aanbreek van die koninkryk van God en nie oor persoonlike selfgelding nie.

### 3:6

Die Fariseërs was 'n Joodse godsdienstige groep wat die Ou Testamentiese wette asook hulle eie geïnterpreteerde reëls nougeset nagekom het. Hulle het hoë aansien geniet in die gemeenskap, maar het Jesus gehaat omdat Hy hulle oor hulle hooghartigheid en verkeerde motiewe aangespreek het.

Die Herodiane was 'n Joodse politieke groep wat hulle ten doel gestel het om die nageslag van Herodes die Grote weer op die troon te plaas. Op hierdie stadium het hulle Herodes Agrippa gesteun. Jesus was ook vir hulle 'n bedreiging, omdat Hy na hulle mening in die pad van hulle politieke doelwitte gestaan het. Die Fariseërs en Herodiane was gewoonlik openlik vyande. Nou het hulle egter saamgestaan in hulle pogings om Jesus stil te maak omdat Hy hulle as selfsugtige, magsbehepte mense ontmasker en hulle mag en status ondermyn het.

### 3:7-8

Jesus was besig om al hoe ongewilder te raak onder die Joodse godsdienstige leiers. maar terselfdertyd ook al hoe gewilder onder die gewone mense. Party mense was net nuuskierig, ander wou genesing van siektes hê, ander wou graag bewyse

teen Hom bymekaarmaak, en ander wou weet of Hy waarlik die Messias was. Die meeste mense het egter nie regtig besef wat aan die gang was nie. Die skeiding tussen gelowiges en ongelowiges het al hoe groter begin raak. Die deurbraak van die koninkryk van God het sigbaar geword in Jesus se optrede en mense in beweging gebring.

### 3:11

Die bose geeste het geweet dat Jesus die Seun van God is, maar hulle het geweier om hulle bose oogmerke te laat vaar. Dit is geen waarborg vir verlossing om van Jesus te weet of selfs te glo dat Hy die Seun van God is nie. Ons moet ook die opregte begeerte hê om Hom gelowig te volg en prakties te gehoorsaam (Jak 2:17).

### 3:14

Jesus het nie die twaalf dissipels gekies op grond van hulle talente of geloof nie, maar om te leer, te volg en Hom te gehoorsaam. Nadat Jesus weggegaan het, sou die Heilige Gees die dissipels verder lei en onderrig.

### 3:14-16

Hoekom het Jesus twaalf dissipels gekies? Dit herinner aan die twaalf stamme van Israel (Matt 19:28) en trek die lyn deur van die ou godsdiens stelsel af, tot by die nuwe. wat gegrond is op Jesus se verlossingsboodskap. Jesus het baie volgelinge gehad, maar Hy het hierdie twaalf intensief opgelei. Hulle was die "kabinet" van die nuwe geestelike Israel. Ons sien ook die invloed van hierdie mense dwarsdeur die Nuwe Testament. Johannes en Jakobus het die bynaam Boanerges gekry as gevolg van hulle vurige geaardheid.

### 3:21

Jesus was s6 besig met al die mense wat Hom gevolg het, dat Hy nie kans gehad het om te eet nie. Sy vriende en familie het daarvan gehoor en wou Hom gaan haal (3:31-32). Hulle was bekommerd oor Hom, maar het nie regtig sy bediening verstaan nie. Nie eers dié mense wat die naaste aan Hom was, het sy ware identiteit altyd verstaan nie. 3:22-26 Die Fariseërs kon nie ontken dat Jesus wonderwerke doen en bonatuurlike krag het nie . Hulle het egter geweier om te erken dat sy krag van God kom, want dit sou beteken dat hulle Horn as d ® Messias erken, en daarvoor was

hulle heeltemal te hoogmoedig. In hulle pogings om Hom by die mense in onguns te bring, het hulle dus beweer dat sy gesag van die Satan af kom. Uit sy antwoord in

3:23-26

sien ons duidelik dat hulle argumente heeltemal onlogies was. Beëlsebul is net 'n ander naam vir Satan.

3:27

Die Here is steeds in beheer van hierdie wêreld, al laat Hy die Satan toe om daarin te werk, Jesus is God, en het dus mag oor die Satan. Daarom was Hy in staat om die bose geeste uit die mense uit te dryf en 'n einde aan hulle bose werk in menselewens te maak. Deur Jesus se werk, waarvan sy dood en opstanding die hoogtepunt is, het Hy vir Satan vir ewig gebind, om sy totale houvas op mense in te kort. Jesus Christus het Satan vasgebind om hom te beroof van die mense wat onder sy mag was. Dit is wat die beeldspraak in vers 27 wil verduidelik.

3:28-29

Christene wonder soms of hulle al die sonde teen die Heilige Gees begaan het (vgl. Matt 12:31; Heb. 10:26). Dit is nie iets waaroor die ware gelowige bekommerd hoef te wees nie. Dié sonde dui op 'n gesindheid van volhardende ongeloof en 'n gebrek aan berou. As 'n mens aanhou om die werk van die Heilige Gees doelbewus te verwerp, dan is dit taster, want dan verwerp jy vir God self. Die geestelike leiers het Jesus van godslastering beskuldig, maar in werklikheid het hulle hulle aan laster skuldig gemaak. Hulle was immers die mense wat vir Hom gesê het Hy is die Satan. Jesus het die bose geeste uitgedryf omdat Hy God is. Laster teen die Gees is sonde wat aanhou om God se uitnodigende hand van verlossing te verwerp.

3:31-35

**Die moeder en broers van Jesus**. Maria was Jesus se moeder (Luk 1 ;30,31) en die ander kinders wat sy en Josef na Jesus se geboorte gehad het, was sy broers, na wie hier waarskynlik verwys word. Daar is egter baie mense wat glo dat Jesus Maria se enigste kind was. As dit die geval was, verwys hierdie "broers" waarskynlik na Jesus se neefs. In daardie tyd het mense dikwels na 'n neef as ŉ 'broer' verwys. Eersgenoemde siening lyk meer-waarskynlik. Dit blyk uit vers 21 dat Jesus se familie

nog nie regtig geweet het wat sy bediening alles behels nie. Hierdie woorde van Jesus dui daarop dat die verhoudings in die nuwe geestelike gesin wat tot stand kom uiteindelik belangriker en blywender is as dié in die biologiese gesin. 3:33-35 Jesus het wel omgegee vir sy bloedfamilie, sy moeder en sy broers, maar was so betrokke om sy werk as Seun van God te doen, dat Hy meer gerig was op die nuwe geloofsgesin wat tot stand gekom het. As gelowiges is ook ons deel van God se gesin.